ASSEMBLIES OF GOD FELLOWSHIP

Hoofbeginsels Kursus

No.4 (A)
Die Doop Leerstellings

ASSEMBLIES OF GOD FELLOWSHIP

DIE DOOP LEERSTELLINGS

Lees die dokument van die Doop leerstellings versigtig, sodat jy die antwoord gapings in die 4.B maklik kan invul. Die belangrikste gedeelte van die studies, is om te weet wat die Woord van God sê, nie die mens s'n nie. Lees al die verse wat vir jou geskryf was versigtig en in gebed.

Sleutel Verse:

Efésiërs 4:4-5 *"Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop,"*

Matthéüs 28:19 *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;"*
Romeine 6:1-11 *"Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, omdat ons weet dat Christus nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.".*

Lukas 3:16 *"antwoord Johannes almal en sê: Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie – Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur."*

Lukas 11:13 *"As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"*

DIE DOOP LEERSTELLINGS

Ons konsentreer gewoonlik alleenlik op drie hoof dope. Die bybel praat egter van 'n vierde, wat nie geïgnoreer moet word nie. Die vier aspekte van die "Die Doop Leerstellinge" word behandel.

1. **POSISIE**
   Die doop van Een Gees in Een Liggaam: Plasing, posisionering of gedoopte in die kerk deur Jesus – dan word ons deel van Sy Liggaam. Dit gebeur by bekering.

2. **PUBLIEKE BELYDENIS**
   Doping in water - Publieke identifikasie met Sy dood en opstanding.

3. **KRAG**
   Doping in die Heilige Gees: Dit word ontvang deur diegene wat daarvoor vra.

4. **LEIDING (BEHEILIGING)**

Die doop met "vuur" is die moeilike fases van ons lewens. Die grootste "Doop van Vuur" was die kruisiging van ons Heer.

.

IN DIE DOOP IS DAAR DRIE KOMPONENTE

1. **Die Doper**
   Die person wat die doop uitvoer, deur die gelowige in te dompel.

2. **Kandidaat**
   Die persoon wat gedoop word.

3. **Element**
   Die element waarin 'n mens gedoop word.
   (Bv. Die kerk, water, die Gees of lyding deur 'vuur')

1. DOPING IN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS DIE KERK

a. Gedoop deur Een Gees in Een Liggaam (by bekering)

i) Hierdie is 'n doop wat alle wedergebore gelowiges moet weet.
"Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." (Joh. 3:3)
"Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop." (Eff. 4:4-5)

ii) Hierdie doop in die Liggaam van Christus vind plaas by bekering. Die berouvolle sondaar wat sy geloof in die hande van Christus plaas word oorgedra van die koningkryk van duisternis binne die liggaam van Christus. Op hierdie stadium is ons a "wedergebore" kind van God.
"om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang."
(Handelinge 26:18)

iii) Deel van die werk van die Heilige Gees is die plasing van elke nuwe 'nuutgebore' geestelike 'baba'-gelowige in die bestemde bediening vir hom – binne die liggaam van Christus. God lei diegene wat Hy geroep het. Dit gebeur nie oornag nie. God lei ons op. "*Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader."* (Rom. 8:15) *"En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!"* (Gal. 4:6)

b. Toeweiding tot die Liggaam

i) Ernstige probleme kan voorkom word wanneer gelowiges rusteloos raak met die posisie wat aan hulle gegee is en self probeer om dit te verander. Ons moet leer, soos Paulus geleer het, om ongeag die omstandighede tevrede te wees.

"*…. ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is."* (Filippense 4:11)

ii) Slegs Jesus, wat die Hoof van die liggaam is, mag die funksie van die gelowige verander, of selfs die hele "Liggaams" funksie, indien nodig.

iii) Ons het nodig om na Hom te luister en gaan waarnatoe Hy vir ons sê om te gaan en enigiets doen wat Hy vir ons sê om te doen.

iv) Verbintenis aan die plaaslike kerk en aan die liggaam van Christus is universieël noodsaaklik – omdat ons deur die doop in een Gees in een liggaam gedoop is. (Die Kerk – Een familie). Om nooit weer alleen te wees nie.

v) Ons het die liggaam van Christus nodig en ons word daardeur benodig. Ons het nodig om te dien in watter kapasiteit ookal die Here ons roep. Enige wedergeborenene het 'n plek in die liggaam waar hulle die voorreg het om ander te kan bedien.

vi) Daar is nie so iets soos onafhanklikheid in God se koningkryk nie, maar eerder onderlingse afhanklikheid. Ons almal het mekaar nodig vir die liggaam om die volle wese van Jesus te wees, soos God dit bedoel het.

c. Die Gelowige se Funksie

i) Ons moet almal funksioneer want die liggaam kan nie voluit funksioneer sonder ons nie. Elke lid is belangrik.

ii) Die liggaam van Christus is 'n plek van sekuriteit. Christene behoort die mees selfversekerde mense op die aarde te wees, want hulle is deel van die liggaaam van Jesus Christus. Hy is lief vir die liggaam en gee om daarvoor.

2. <u>DOOP DEUR WATER</u>

Die woord doop kom van die woord "bapto" wat beteken om te "dompel of verdiep in".

a. Doop deur water is 'n gelowige se doop.

Dit is 'n fisiese daad wat 'n spirituele waarheid uitdruk. Ons was skoon van sonde word gesimboliseer en getuig in die waterdoop. Dit is 'n uiterlike belydenis van wat binne gebeur. Dit druk ons identifikasie met Jesus uit.

b. Deur die waterdoop sê ons effektief dat:

Ons deel **met** Christus in die feit dat Hy gesterf het en opgestaan het. (Rom. 6:8)
"As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,"

i) **Ons het 'n Nuwe Lewe ontvang.**

Heel duidelik is die gedoopte persoon nie besig om te sterf vir sonde soos Jesus het nie, maar maak eerder 'n publieke getuienis dat hy homself nuttig stel vir Christus se werk. Sinede dat Christus **vir** sonde gesterf het, moet hy ook simbolies die sonde **afsterf** soos hy die water binnegaan en heeltemaal daardeur bedek word. Die begrawe van die sondige natuur word

versimboliseer. Hierdie natuur word onder die water gelaat en die persoon is dan simbolies opgelig tot die nuwe lewe in Christus. *"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here."* (Rom. 6:11)

ii) **'n Deklarasie dat ons vir Jesus leef as sy dissipels**.
"Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het." (Gal. 2:20)

iii) **Ons is nou 'Dood in Christus'**
Die persoon wat gedoop word stem letterlik ooreen met God in dat hy 'dood is in Christus' t.o.v. sonde en die dood en hy is nou lewendig in Christus.
"Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood,…" (Rom.6:4),

iv) **Ons identifiseer met Christus**
Gewillig, in blydskap en met vreugde verbond ons onself met die bevrydende gebeure van die werk van die plek van die Hoofskedel. *"aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie."* (Rom. 6:6)

<u>WATERDOOP AS SIMBOOL</u>
Ons reiniging van sonde word gesimboliseer en bevestig in waterdoop. Dit is 'n uiterlike belydenis van wat binnekant gebeur het. Dit druk ons identifikasie met Jesus uit. *"Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding: aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie."* (Romeine 6:3-6).

As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe," (Romeine 6:8).

a) Hoekom volle dompeling?

i) Soos reeds genoem kom die woord 'baptize' van die Griekse woord 'baptizo' wat beteken 'indompeling'. Die woord is gebruik om die indompeling van 'n kledingstuk in a kleurstof te beskryf.

ii) Johannes die Doper het in die Aenonrivier gedoop omdat daar baie water was, wat volle indompeling aandui.
"En Johannes was ook besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was. En die mense het daar gekom en is gedoop." (Johannes 3:23).

iii) Die hoofrede vir indompeling is dat dit die enigste manier is wat 'n begrafnis simboliseer (soos 'n watergraf). *"Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die*

dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe wandel." (Rom.6:4)

" omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het." (Kol.2:12.)

b) Hoekom moet 'n mens 'n waterdoop hê?

i) Dit is 'n opdrag van Jesus.
"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;…" (Matt. 28:19)

ii) Dit is 'n belofte van 'n goeie gewete voor God.
"waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete – deur die opstanding van Jesus Christus." (1 Pet. 3:21)

iii) Omdat Jesus self gedoop was.
"*En in daardie dae het Jesus van Násaret in Galiléa gekom en is deur Johannes in die Jordaan gedoop."* (Markus 1:9)

iv) Dit is 'n vorm van besnydenis.
"*in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,…" (*Kol. 2:11). Sy besnydenis het ons besnydenis geword. Hy het alles gedoen. Die simbolisme is die besnydenis van die hart – manlik of vroulik.

v) Dit was 'n fondamentiese doktrine van die vroeë kerk,
"Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop;…"
*(*Hand. 2:41a)

vi) Water doop simboliseer was of reiniging.
Dit is slegs 'n simbool, want inderwaarheid word ons skoongewas deur die bloed van Jesus en ons word gereinig deur die Woord van God.

vii) Doop is soos 'n seël op 'n wettige dokument.

c) <u>Die mees algemene vrae rondom die Doop.</u>

i) **Besprinkeling?**
Besprinkeling is nie 'doop' nie. Dit is nie indompeling nie. ("Baptizo")

ii) **Baba's?**
Jesus is besny en aan God opgedra deur sy ouers toe Hy 'n baba was. Later is Hy gedoop, vrywilliglik, as 'n volwassene.
"…, het hulle Hom na Jerusalem gebring om Hom aan die Here voor te stel," (Lukas 2:22b)

iii) **'n Bewuste Daad?**

Doop is ‘n bewuste stap van ‘n gelowige person, wat bely dat hy begeer om gehoorsaam te wees aan God se bevele.

iv) **Kinders?**

a) Daar is geen aanduiding in die Bybel of ouderdom van die gelowige wat begeer om met water gedoop te word nie. Kinders is ook werklik “wedergebore” en wie begeer om gedoop te word, kan gedoop word volgens die diskressie van die Ouderlinge.

b) Toestemming moet van die ouer/s of pleegouer/ verkry word vir minderjarige kinders.

c) ‘n Kind moet nie gedoop word omdat Ma of Pa dit begeer nie.

v) **Genesing?**

Die doop in water is ‘n simbool van gesondmaking, of vir die oplos van probleme ens. Die water is nie ‘n magiese brousel nie. God is nogtans die heerser en mense mag wel ervaar dat hulle genees is na ‘n doop. Dit is egter nie die enigste doel van waterdoop nie.

vi) **Vergifnis?**

a) Waterdoop is nie ‘n simbool van “vergifnis” nie. Deur die doop erken ons dat ons gereinig is van sonde deur die dood van Jesus en deur beleiding van sonde. Die kandidaat moet “wedergeboorte “ ervaar het en sy/haar sonde bely aan Jesus – en so tot die volle besef kom dat Jesus vir hom/haar “gesterf” het en ook dat hulle verstaan dat waterdoop ‘n aanvulling en identifisering met Christus en sy dood is.

b) Jesus bevel dat die belydenis van ons geloof ‘n publieke belydenis moet wees. Ons is nie "heimlik” gered nie.

c) Gelowiges wat in lande woon waar hulle lewens in gevaar is sou hulle Christene word, mag hulle liefde vir Jesus bely aan mekaar binne in God se huishouding. God sal hulle lei rakende hoe en wanneer om te getuig aan ander in die wêreld.

vii) **Waterdoop meer as eenmaal?**

a) ‘n **Gelowige hoef** net eenkeer ‘n leeftyd in water gedoop te word. Ons aanvaar deur geloof dat ons gesterf het tot sonde in Christus. Wanneer ons gedoop word, word ons skoon gewas en vergewe – deur beleiding.
“*As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van all ongeregtigheid te reinig.*” (1 Joh. 1:9)

b) Daar is egter ‘n insident rakende Paulus die Apostel wat mense doop vir die tweede keer, in die Skrif *“En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in*

Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus." (Hand. 19:3-5)

c) As ‘n persoon begeer om weer gedoop te word vir die tweede keer omdat hulle voel dat hulle nie “wedergebore” was in die verlede nie, of hulle was te jonk op daardie stadium, mag hulle gelei voel om weer gedoop te word vir gewete se onthalwe.

viii) **Waterdoop as ‘n veeltallige belydenis tot:**

a) **Lewe Na die Dood – Die Hemel is ons woning.**
Ons geloof in lewe na die dood en ons opstanding. *“Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte;”*
(1 Kor. 15:3-4)

b) **Die kerk Wêreldwyd**
Ons glo dat die kerk die “Kerklik/Geestelike” is – die uitverkorenes - Ons is deel van die Liggaam van Christus wêreldwyd, maar die plaaslike kerk waar God jou plaas, is die plek waar jy getrou die liggaam bedien, jou tiendes moet betaal en waar bemoediging en heiligmaking moet plaasvind. Ons sien die plaaslike gemeente in aksie in Jerusalem in Handelinge 2:42-44. *“En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede. En vrees het op elkeen gekom, en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind. En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit.”*

c) **Om van die wêreld weg te draai**
Om weg te draai van, en nie lief te wees vir die dinge van die wêreld nie – ons is klaar daarmee. Ons is nou deel van die Koningkryk van God.

d) **Weggedraai van die Duiwel**
Ons het weggedraai - hy het nie langer krag oor ons nie. Ons het oorgeloop na God se kant toe. In Jesus het sonde sy krag verloor.

<u>LET OP</u>: Dit is slegs nodig om die gelowige net eenkeer onder die water te dompel – in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees – nie drie keer nie. As die person bang is vir die water moet jy hulle toelaat om hulle kneë te buig en hulself in die water te dompel. Moet nooit gelowiges onder die water forseer nie.

3. <u>DOOP MET DIE HEILIGE GEES (Die krag)</u>

Dank God vir nie net die posisie waarin Hy ons geplaas het nie, maar ook vir die feit dat Hy die krag om in die posisie te leef, beskikbaar gemaak het.
*"maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom,…" (*Hand.1:8a)

a) Die redes vir doping in die Heilige Gees:

i) **Dit is ‘n bevel.**
“Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.” (Eff. 5:18) Ons kan alleenlik gevul word tot ons kapasiteit om te ontvang. Aanvanklik mag dit baie klein wees, maar soos ons meer volwasse raak in die geloof sal ons kapasiteit toeneem. Ons moet dus aanhoudend gevul wees met watter kapasiteit ons op daardie oomblik het.

ii) **Ons ontvang nuwe krag en vreesloosheid om te getuig**
“….maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.” (Hand 1:8).

iii) **Die volheid van die Heilige Gees bevry die gawes**
Dit is nodig dat die gawes van die Heilige Gees bevry word.
*“Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. Want aan die een word deur die Gees ‘n woord van wysheid gegee, en aan die ander ‘n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan ‘n ander weer geloof deur dieselfde Gees; aan ‘n ander werkinge van kragte, aan ‘n ander profesie, aan ‘n ander onderskeiding van die geeste, aan ‘n ander allerhande tale, aan ‘n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.” (*1 Kor. 12:7-11)

iv) **Die Vrug van die Gees** (Gal. 5:22).
Met die hulp van die Heilige Gees het ons die potensiaal vir die maksimum bewys van die vrugte van die Heilige Gees in ons lewens.
“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.”

v) **Leef vir God se glorie (**Joh. 16:14)
Die Heilige Gees is nodig om ‘n lewe te leef vir God se glorie *“Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.”* (Joh. 16:14)

vi) **Die Heilige Gees maak Jesus meer werklik vir ons** (Joh. 15:26)
"Maar as die trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.”

vii) **Die krag van die Heilige Gees het meer effektiwiteit in gebed.**
“*En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.”* (Rom.8:26)

viii) **Openbaring**
Die doop in die Heilige Gees bring nuwe begrip van en liefde vir die Woord van God. *“Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die*

waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig." (Joh. 16:13) Hy vertel ons wat gaan gebeur in die toekoms, deur profesie beide in die Woord van God en deur mondelingse vertelling.

b) Ons het almal nodig om gevul te wees.

i) Om wel gevul te wees moet ons skoon harte hê. Ons moet ons sondes bely en ander vergewe maak nie saak hoe reg ons dink ons is nie. *"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; …"* (1 Joh. 1:7a)

ii) Ons het dan nodig om dors te wees (begeer om gevul te word). Kom na Jesus en drink.
"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. EN dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie." (John 7:37-39)

iii) Dan sal riviere van lewende water uit ons binneste wese vloei. *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."* (Joh.7:38)

c) Die teken (bewys) dat ons gevul is met Heilige Gees

'n Nuwe en toegewyde begeerte om soos Jesus te wees, 'n verlange vir en die verstaan van Sy Woord. Sy werk en Sy bemagtiging, raak duidelik deur die verandering van ons lewenswyses.

d) Die spreek in tale

Alle gelowiges, wat in die Heilige Gees gedoop is, het die kapasiteit om in tale te praat. Ons intellek staan in ons pad om hierdie gawe te beoefen. In die vroeë kerke kon, almal wat gedoop is in die Heilige Gees, in tale spreek.

e) Wat het gebeur in die Bybel wanneer mense vervuld was?

i) Een voorbeeld is toe 120 mense saam was – en die Heilige gees het op hulle gekom en hulle het in tale begin praat en die Woord van God met selfvertroue gepraat. *"En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek."* (Handelinge 2:4) (Sien ook Handelinge.10:46; 19:6)

ii) Kornelius en diegene by hom het met ander in tale gepraat en God geprys *" "* (Hand. 10: 45-46) *"En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak, …"* (Acts 10:45-46).

iii) Paulus het sy sig ontvang

"En Ananias het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word." "En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en kon onmiddelike weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop." (Hand. 9:17-18)

SAMEVATTING

"As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" (Lukas 11:13)
Die doop in die Gees word gegee aan diegene wat dit in die geloof soek. Dit is nie om voor te stry, spartel, bedel, te wag of onderhandel te word nie. Dit is 'n gratis geskenk van Jesus Christus aan sy dissipels om hulle in staat te stel om meer soos Hy te word.

4. OM GEDOOP TE WORD IN LYDING-VUUR

a) Baie Christene is onbewus daarvan terwyl ander dit weer dikwels verkeerd verstaan. Dit is 'n baie ware ervaring in die lewe van werklike Christene. *"**Want elkeen sal met vuur gesout word…**"* (Markus 9:49)

b) Huidiglik vind baie Christene die idee van "lyding" amper smaakloos of skrikwekkend en hulle probeer die lering ignoreer. Lyding is nie slegs 'n siekte of finansiële probleme nie. Niemand soek lyding nie, maar lyding is deel van die lewe. *"…, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik."(*Matt.13:21b) God wil ons versterk sodat ons nie struikel nie. Die Skrif sê 'wanneer', nie 'of' nie.

c) Die werklike kind van God wat sy lewe oorgegee het aan Christus en sy kruis opgeneem het sal vind dat hy soos Christus ook deur die wêreld verwerp word. Jesus het gesê dat "If you follow me....." (?)
"maar geen wortel in hulleself het nie; hulle is net vir 'n tyd. Later as daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die woord, struikel hulle dadelik." (Markus 4:17)

d) Amper almal van ons het dit al ervaar om verkeerd verstaan te word, verwerp te word, en selfs falslik beskuldig te word. Soms het dit gekom uit die kringe van ons eie kerke, self lede van ons eie natuurlike gesinne - sowel as van die wêreld daar buite. Die seer wat ons ervaar is deel van die doop in lyding. Die bybel sê *"En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word."* (2 Tim. 3:12) Moet nooit handdoek ingooi nie!

e) Aanvanklik was Jesus 'n baie populêre en hoogs aangeskrewe man, wat jaloesie aangewakker het tussen religieuse leiers. Later is Hy verwerp en het groot fisiese pyn verduur. Nie baie van ons is al geslaan of het bloed verloor nie. *"Die dienaar is nie grootter as Sy meester nie."* Wanneer weerstand en moeilikheid kom, staan in die volle mondering van God.

f) Daagliks draai die wêreld daagliks meer anti-Christen.

g) Daar is wel Christene wat op oomblik swaar ly en sterf vir hulle geloof in verskillende dele van die wêreld. Onthou om vir hulle te bid. Tog hou dit vreugde in, want ons weet ons ly vir Christus se onthalwe.

h) Ons moet net natuurlik seker maak dat ons nie iets gedoen het om die lyding te verdien nie. Dit sou negatief reflekteer op die Naam van Christus.

---

i) Alle lyding – ervaar in die diens van Christus – het ‘n suiweringseffek (of heiligingseffek) in ons daaglikse lewe, liggaam, siel en gees.

5. <u>WAT IS HEILIGMAKING (HEILIGHEID)</u>

a) Wanneer iemand in Christus staan, neem die persoon dadelik die heiligheid van Christus in die oog van God.

b) Tog is dit ‘n progressiewe ervaring.
Dit lyk of daar ‘n weerspreking is met wat bo staan, MAAR *“Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.”* (Filippense 3:12)

c) Daar is “nuwe lewe”. Hierdie is ‘n wetlike stelling. Ons is nuwe skeppings – God het dit gesê.

DIE UITEINDLIKE DOEL

Die **doel** is om met die beeld van Christus ooreen te kom, beheer deur die Gees van God.